

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (50/12)

Justin Chadwick (21 Desember 2012)

GESEGDE VAN DIE WEEK "Truth, it is a beautiful and terrible thing and should therefore be treated with caution"
~Harry Potter and the Philosopher's Stone


KERSFEESWENSE

Namens die Personeel en Direkteure van CGA wil ek die sitrusfamilie van suider-Afrika 'n geseënde Kersfees en 'n WONDERLIKE 2013 toewens. Vir diegene wat oor die feestyd gaan reis – gordel vas en ry veilig.

2012 SEISOEN OORSIG – SAGTE SITRUS

Die Oes: Een ding wat jy oor die Sagte Sitrus fokusgroep kan sê is dat hul weet hoe om te skat. In Maart hierdie jaar het hul beraam dat die sagte sitrus oes 7 619 282 (15Kg) katonne gaan wees – aan die einde was dit 7 639 287 (15Kg) katonne. Slegs 0.26% meer as die oorspronklike skatting. Binne die kategorie was daar 'n paar verskille - Satsumas was minder as wat voorspel is (skatting 1 939 883 katonne; werklik 1 631 124 katonne) en mandaryne was meer as wat voorspel is (skatting 3 106 930 katonne; werklik 3 267 970 katonne); clementines was byna in die kol (skatting 2 576 419 katonne; werklik 2 578 746 katonne). Daar was geen versoeke vir dispensasies vir sagte sitrus in 2012 nie.



Die seisoen word die beste in die grafiek hier onder uitgebeeld:



Die Markte: Sagte sitrus se verskeppings neig om 'n gevestigde patroon jaar na jaar te volg. Die oorgrote meerderheid word na die Verenigde Koninkryk (2011 36%; 2012 41%) verskeep; gevolg deur Noord-Europa (20%), Noord-Amerika (12%) en Rusland (12%). Die mees beduidende verandering vanaf 2011 was in die geval van die Midde-Ooste - in 2011 12% terwyl in 2012 5% (beïnvloed deur een groot verskeping in week 25 van 2011).

Suidelike Halfrond: Sagte sitrus is die mees kompeterende sitrus-sektor. Daar is twee ligas – die eerste liga is Argentinië en Suid-Afrika wat in 'n stryd om die eerste plek gewikkel is – teen omtrent die 120 000 ton merk. Argentinië is hoofsaaklik op Rusland gefokus, terwyl Suid-Afrika se volumes op die EU gefokus is. Vanaf die tweede liga (teen omtrent die 40 000 ton merk) sien ons dat twee lande hul stempels afdruk en na die boonste liga beweeg - Chile en Peru. Chile se groei word hoofsaaklik deur verhoogde uitvoere na die VSA aangedryf.

In totaal het die sagte sitrus uitvoere vanaf die suidelike halfrond vanaf 290 000 ton in 2006 tot 420 000 ton in 2012 geteeneem.



**AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY WAT DEUR PRODUSENTE BEFONDS WORD, VERSEKER N
GLOBAAL KOMPETERENDE SUIDER-AFRIKA SITRUSBEDRYF**